# JERIGO Deel 5

## <u>Die Merkwaardige Monument van die Huis van Ragab met die Rooi Tou</u>

In die boek van Josua ontmoet ons een van die heldinne van die Woord. Ragab, 'n prostituut in hierdie Kanaänitiese stad van Jerigo, is uitsonderlik vanweë haar geloof in die Elohiem van Israel en ook vanweë haar plek in die geslagslyn van JaHUsha die Gesalfde.

As ons die kort gedeelte van haar lewe van naderby ondersoek, lei dit tot 'n dieper insig in die Verlossingsplan van JaHUaH wat, soos die Rooi Tou dit hier simboliseer, 'n Skarlakendraad is wat dwarsdeur die Skrif loop.

Ons lees Ragab se verhaal vanaf Josua 2 – 6. Soos ons reeds gesien het beskryf dit die Verowering van die versterkte stad van Jerigo deur JaHUaH, met Josua en die Israeliete as Sy rolspelers in diè buitengewone slag. Jerigo was in sy dag die belangrikste Kanaänitiese vesting in die Jordaanvallei. Dit was direk in die pad van die Israeliete wat in aantog was nadat hulle die Jordaanrivier oorgesteek het (Jos. 3:1 – 17).

Voor die tyd het Josua eers twee verspieders uitgestuur om die land te bespied en die koning van Jerigo het gehoor van die twee Israelitiese spioene wat in Jerigo was. Hy het opdrag gegee dat hulle uitgelewer word en na hom gebring moes word. Ragab het die twee verspieders wat by haar oorgebly het beskerm deur hulle op haar huis se dak onder vlas weg te steek.

Sy het hulle vertel hoe bang die inwoners van Jerigo was vir die Israeliete vandat hulle gehoor het hoe hulle Elohiem die Egiptenare verslaan het deur die wonderwerk van die gebeure by die Rooi See, veertig jaar van te vore. Sy het bely dat JaHUaH die ware Elohiem is!

> Jos 2:8 En voordat hulle gaan slaap het, het sy op die dak geklim na hulle toe
> Jos 2:9 en aan die manne gesê: Ek weet dat JaHUaH die land aan julle gegee het en dat die **skrik** vir julle op ons geval het en dat al die inwoners van die land vir julle bewe;
> Jos 2:10 **want ons het gehoor** dat JaHUaH die water van die Skelfsee voor julle by jul uittog uit Egipte laat opdroog het en wat julle die twee konings van die Amoriete, Sihon en Og, oorkant die Jordaan aangedoen het, dat julle hulle met die banvloek getref het.
> Jos 2:11 Toe ons dit hoor, het ons hart gesmelt, sodat daar by niemand enige moed meer oorgebly het teenoor julle nie; **want JaHUaH julle Elohiem, Hy is Elohiem in die hemel daarbo en op die aarde hieronder**.

Sy het die verspieders versteek en hulle ook gehelp om te ontsnap, in ruil vir haar en haar familie se lewens wanneer Israel Jerigo sou aanval. Die Verspieders het ingestem op voorwaarde dat sy haar huis moet uitsonder en **merk** deur 'n rooi tou by die venster te laat uithang. So sou die Israeliete weet wie hulle moes spaar tydens die geveg. Haar familie moes net in haar huis wees waar die Rooi Tou uit die venster moes hang en dit was ook 'n voorwaarde van hulle dat sy hulle nie mag verraai nie.

> Jos 2:12 Sweer dan nou tog vir my <u>by JaHUaH</u> dat, **terwyl ek aan julle 'n guns bewys het**, julle ook aan my familie 'n guns sal bewys; en gee my 'n betroubare teken
> Jos 2:13 dat julle die lewe van my vader en my moeder en my broers en my susters en almal wat aan hulle behoort, **sal spaar** en ons **siele sal red van die dood**.

> Jos 2:14 Toe sê die manne vir haar: Mag ons siel in julle plek sterwe! As julle nie hierdie saak van ons bekend maak nie, **dan sal ons**, as JaHUaH ons die land gee, **aan jou guns en trou bewys**.
> Jos 2:15 Daarop het sy hulle met 'n lyn deur die venster laat afsak; want haar huis was in die stadsmuur ingebou, sodat sy aan die muur gewoon het;
>
> Jos 2:17 Toe sê die manne vir haar: Ons sal ontslae wees van hierdie eed aan jou wat jy ons laat sweer het—
> Jos 2:18 kyk, as ons die land inkom, moet jy hierdie gedraaide **rooi lyn** waarmee jy ons laat afsak het, aan die **venster** vasbind, en jy moet jou vader en jou moeder en jou broers en **jou hele familie by jou in die huis versamel**.
> Jos 2:19 Elkeen wat dan uit die deure van jou huis buitentoe gaan, dié se bloed sal op sy hoof wees, en ons onskuldig; maar **elkeen wat by jou in die huis sal wees**, dié se bloed sal op ons hoof wees, ingeval 'n hand teen hom is.
> Jos 2:20 Maar **as jy hierdie saak van ons bekend maak**, sal ons **ontslae wees van die eed aan jou** wat jy ons laat sweer het.
> Jos 2:21 Daarop sê sy: **Soos julle sê, is dit goed**; en sy het hulle laat gaan, en hulle het weggegaan; en **<u>sy het die rooi lyn aan die venster vasgebind</u>**.

Die Verspieders het suksesvol uit die stad ontsnap met haar hulp en aan Josua verslag gebring dat die hele stad in vrees en bewing is vir Israel. Eers het hulle haar goeie raad gevolg en hulle drie dae lank versteek in die bosse, wat simbolies is van die Teken van Jona, naamlik die drie dae en nagte wat JaHUsha in die graf was.

> Jos 2:16 en sy het vir hulle gesê: Loop die gebergte in, dat die vervolgers julle nie aantref nie, en **steek julle daar drie dae lank weg** totdat die vervolgers teruggekom het; daarna kan julle dan verder gaan.

Daarna het Israel oor die Jordaan getrek en die stad beleër deur die eienaardige instruksies wat JaHUaH aan Josua gegee het, uit te voer. Die mure het geval en Israel het die stad binne gegaan en alles verwoes, terwyl ook elke man, vrou en kind gedood is. **Net Ragab en haar familie is gespaar**. Ragab het later met Salmon, 'n Israeliet uit die stam van Juda, getrou. Hulle seun Boas was die man van Rut en Josef, die man van Maria wat JaHUsha se wettige pa was, was haar direkte afstammeling.

Ragab is 'n tipe van die **Uitverkore geslag** wat voortkom vanuit "**elke stam en volk en nasie**" dit wil sê, **elkeen** wat die Goeie Nuus van JaHUsha as Gesalfde sou aanneem en sodoende versoen sou word met JaHUaH deur die Bloed van JaHUsha. Sy was deel van die **heidense**, wêreldse sisteem, 'n **prostituut**, maar het deur haar bekering 'n waardige en wettige **bruid** geword vir 'n Israeliet uit die stam van Juda en so deel van die **geslagslyn** geword waardeur JaHUsha gebore sou word.

Haar naam kom voor in die geslagsregister van Mattheus, net soos **Tamar** en **Batseba** s'n ook. Almal van hulle was skuldig aan seksuele onreinheid. **Rut,** as 'n Moabiet, se naam kom ook daarin voor. Ragab was nie net 'n prostituut nie, **maar ook** 'n Kanaäniet. Dis met 'n doel dat hierdie vroue spesifiek genoem word in die geslagslyn van JaHUsha, want andersins word net mans genoem. Deurdat hulle genoem word, word die Verlossingsplan van JaHUaH wat geïdentifiseer word deur die Skarlakendraad wat dwarsdeur die Skrif loop, na vore gebring. Dit beeld simbolies uit dat **JaHUaH genadig is** en sonde vergewe, dat Hy van die Sondaar 'n verloste **Uitverkorene** maak in die **Israel van Elohiem** (Gal. 6:16). [Om te sondig is om van JaHUaH af weg te hoereer. Om ons sonde te bely (1 Joh. 1:9) en terug te kom na Hom toe is om vanaf 'n "**hoervrou**" getransformeer te word na **Sy bruid**.]

**JESUS' GENEALOGY**

- **Five women are in the genealogy of Jesus.**
  - **Tamar**
  - **Rahab**
  - **Ruth**
  - **Bathsheba**
  - **Mary**
- **Two of them were of foreign origin.**
  - **Rahab a Canaanite**
  - **Ruth a Moabitess.**
- **Some believe Tamar was a Canaanite also**

Ten spyte van watter volk hulle was of watter sonde hulle gedoen het, het elkeen van hulle die beskerming van die Rooi Tou aangegryp deur hulle GELOOF in die Elohiem van Israel te plaas wat genadig en barmhartig is. Hulle lewensverhale beeld uit dat JaHUaH sondaars en heidene red deur die Versoenende Bloed van JaHUsha. Daar is geen ander manier van redding nie, net die Rooi Tou van die Bloed van JaHUsha.

> Hand 4:12 En die **saligheid is in niemand anders nie**, want daar is ook **geen ander naam** onder die hemel wat onder die mense gegee is, **waardeur ons gered moet word nie**.

Ons lees van Ragab se geloof in die Nuwe Testament. Sy en SaraH is die enigste vroue wat uitgelig word in die hoofstuk oor die Geloofshelde van die Ou Testament. Ware geloof vind uitdrukking in aksies wat dit bevestig. Wat ons doen, spreek dus van wat ons regtig glo.

> Heb 11:31 **Deur die geloof** het **Ragab, die hoer**, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, **omdat sy die spioene in vrede ontvang het**.

> Jak 2:25 En is **Ragab, die hoer**, nie ook net so **geregverdig uit die werke** toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie?
> Jak 2:26 Want soos die liggaam sonder gees dood is, **so is ook die geloof sonder die werke dood**.

**<u>JaHUsha se onskuldige bloed</u>**

Lewe is in die bloed (Lev. 17:11) en diere se bloed is onskuldig omdat hulle nie soos Adam en Eva kon sondig nie. Daarom kon daar met hulle bloed tydelik versoening gedoen word. Hoe wonderbaar is dit nie dat JaHUsha se bloed onskuldig is nie!

> Mat 27:4 en gesê: Ek het gesondig deur **onskuldige bloed te verraai**. ...

JaHUsha het geen sonde gehad nie, 1 Joh. 3:5, 2 Kor. 5:21.

> 2 Kor 5:21 Want Hy het Hom wat **geen sonde** geken het nie, <u>sonde vir ons gemaak</u>, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom


Dr. M.R. de Haan het lank gelede 'n uiteensetting geformuleer oor hoekom die bloed van JaHUsha bonatuurlik is omdat Hy nie 'n fisiese vader gehad nie. As **seun van Elohiem** was sy bloed **onbesmet** en **onverderflik**.

1 Pet 1:18  omdat julle weet dat julle **nie deur verganklike dinge**, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie,
1 Pet 1:19  maar deur die **kosbare bloed** van **die Gesalfde**, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos,
1 Pet 1:20  wat wel vooruit geken is **voor die grondlegging van die wêreld**, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil,
.............
1 Pet 1:23  want julle is wedergebore nie uit **verganklike** saad nie, maar uit **onverganklike**, deur die lewende woord van Elohiem wat tot in ewigheid bly.

Vir Dr. de Haan se artikel, “ The Chemistry of the Blood”, volg hierdie skakel  ...

- https://www.jesus-is-savior.com/BTP/Dr_MR_DeHaan/Chemistry/04.htm

Mattheus beskryf JaHUsha se bloedlyn deur sy wettige vader Josef, terwyl Lukas Sy bloedlyn beskryf deur sy moeder, Maria.




Johannes het egter ‘n baie direkte bloedlyn gegee en Hom net beskryf as die **Eniggeborene van Elohiem** en ook dus **às Elohiem**.

Joh 1:1  **In die begin** was die Woord, en die Woord was **by Elohiem**, en **die Woord was Elohiem**.

Joh 1:14  En die Woord het **vlees geword** en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die **Eniggeborene wat van die Vader kom**—vol van genade en waarheid.
Joh 1:15  Johannes getuig van Hom en roep en sê: Dit was Hy van wie ek gesê het: Hy wat **ná my** kom, **het voor my geword**, want **Hy was eerder as ek**.

Joh 1:18  Niemand het ooit Elohiem gesien nie; **die eniggebore Seun** wat **in die boesem van die Vader is**, dié het Hom verklaar.

**Die Venster en die Rooi Tou**

Die woord vir "**venster**" in Hebreeus is "challon", Strong's H2474.  Dit kom vanaf H2490 "chalal" wat beteken "**to bore, to wound, pierce**".

'n Venster is 'n "gat" in die muur en dit beteken dat die muur "**gebreek"** moes word (dis nie meer 'n soliede "heel" muur nie), dit moes deurgedring word, soos wat JaHUsha deurboor of deursteek was.

AHL 1173  (הל Hhl)
Ac:  Bore
Co:  Hole
Ab:  Pain:  A hole is drilled ... [Eng:  Hole, Hollow]
j)  **window**  = a hole in the wall

Die hele prentjie van die Venster met die Rooi Tou wat daaruit hang, simboliseer die **Deurboring van JaHUsha** wat tot gevolg gehad het dat **Sy bloed gevloei het**.

Venster  =  Deurboring van JaHUsha
Rooi Tou = Sy Bloed


Hy was deurboor vir ons ongeregtighede en is daarom soos 'n Lam ter slagting gelei.

Jes 53:5  Maar Hy is **ter wille van ons oortredinge deurboor**, ter wille **van ons ongeregtighede is Hy verbrysel**; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.
Jes 53:6  Ons **almal het gedwaal soos skape**, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar JaHUaH het die **ongeregtigheid van ons almal** op Hom laat neerkom.
Jes 53:7  Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; **soos 'n lam** wat na die slagplek gelei word en **soos 'n skaap** wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

Soos 'n muur met 'n venster in, was JaHUsha deurboor en dis hoe die **opening** (Deurbraak/Deur Joh. 10:9) gekom het waardeur die Bloedverbond soos 'n **Reddingstou** na ons uitgegooi word (Sag. 12:10, Joh. 19:37, Open. 1:7).

Open 1:7  Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom **deursteek** het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!





Deur die Venster moes die Rooi Tou hang. Die Rooi Tou is die Skarlakendraad wat dwarsdeur die Skrif loop soos 'n Padkaart wat vir ons gegee is om te volg. Dis die geestelike "GPS" van die Skrif sodat ons ons eindbestemming veilig kan bereik en nie iewers langs die pad deur weglokkende misleiding dalk afdraai van hierdie smal pad nie, want ons is nog maar pelgrims wat onderweg is na die Stad wat fondamente het, soos wat AbraHam en die ander Geloofshelde ook was (Heb. 11:8 – 10, 39 – 40).

**<u>Die Skarlakendraad van die Skrif</u>**

Die Skarlakendraad in die Skrif is die **spoor van bloed** tot by <u>die Folterpaal</u>. Die **lewe** is in die bloed en daarom kan ons net vir ewig **lewe** deur die Bloed van die Lam, naamlik JaHUsha (Lev. 17:11 - 14). Voordat JaHUsha as Lam gekom het, het die bloed van diere die sonde **toegemaak** ("kaphar" in Hebreeus), maar die Bloed van JaHUsha het die sonde **<u>finaal weggeneem</u>**.

> Lev 17:11 For the **life** of the flesh *is* **in the blood**: and I have given it to you upon the altar to make an atonement for your souls: for it *is* the blood *that* maketh an atonement for the soul.
>
> Gen 9:4 Net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie.
> Gen 9:5 Maar **wat julle eie bloed betref**, dit sal Ek eis: **van al die diere sal Ek dit eis**. Ook van die mens, van die een teenoor die ander, sal Ek die siel van die mens eis.
> Gen 9:6 Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want Elohiem het die mens na sy beeld gemaak.
>
> Joh 1:29 Die volgende dag sien Johannes JaHUsha na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die **Lam van Elohiem** wat die sonde van die wêreld **wegneem**!
>
> 1 Joh 3:5 En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes **weg te neem**, en geen sonde is in Hom nie.

In die Ou Testament het "skarlaken" of "skarlakendraad" dikwels ter sprake gekom. Skarlakendraad is byvoorbeeld in die bloed van die diere wat geoffer is gedoop en op mense en huise gesprinkel as reiniging. Baie van die versierings in die Tempel het ook Skarlakendraad behels, soos die gordyne wat die twee Afgesonderde ruimtes geskei het. Die borsplaat van die hoë priester het ook skarlakendraad in gehad. Vergelyk Ex. 25:4, Ex. 35:23, Lev. 14:4, 6, 49, 51 - 52, Num. 4:8, Num. 19:6, Jos. 2:18, 21, 2 Sam. 1:24, Spr. 31:21.

Skarlaken is nie net 'n simbool vir **versoening deur bloed** nie, maar dit simboliseer ook **sonde**, want Duisternis het altyd die **omgekeerde anti-tipe**. JaHUsha se bloed **red**, maar skarlakenrooi sonde **laat verlore gaan**. Was die skarlakenkleed oor JaHUsha se skouers ook simbolies van hoedat almal se sondes op Hom was?

> Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê JaHUaH: al was **julle sondes soos skarlaken**, dit sal **wit** word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.
>
> Heb 9:14 hoeveel te meer sal die **bloed van die Gesalfde**, wat Homself deur die ewige Gees aan Elohiem sonder smet **geoffer** het, julle gewete **reinig** van dooie werke om die lewende Elohiem te dien.
>
> Open 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en **hulle het hul klere gewas** en **hul klere wit gemaak** in **die bloed van die Lam**.

Die sondige hoervrou van Babilon het gesit op ‘n skarlakenrooi dier.  Sonde was of is haar voertuig.

> Open 17:3  En hy het my in die gees weggevoer na ‘n woestyn, en ek het ‘n vrou sien sit op ‘n **skarlakenrooi dier**, vol **godslasterlike name**, met sewe koppe en tien horings.

Die Nuwe Testament se Goeie Nuus is dat daar deur die bloed van JaHUsha vergifnis, versoening en reiniging is.

> Ef 1:7  In Hom **het ons die verlossing deur sy bloed**, die **vergifnis** van die misdade na die rykdom van sy genade
>
> Kol 1:20  en dat Hy deur Hom alles met Homself sou **versoen** nadat Hy vrede gemaak het deur die **bloed van sy kruis**—ek sê deur Hom—die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.
>
> Heb 9:14  hoeveel te meer sal die **bloed van die Gesalfde**, wat Homself deur die ewige Gees aan Elohiem sonder smet geoffer het, julle gewete **reinig** van dooie werke om die lewende Elohiem te dien.
>
> Heb 9:19  want toe **elke gebod volgens die wet** deur Moses aan die hele volk **aangekondig is**, het hy die **bloed van die kalwers en bokke** saam met water en **skarlakenrooi wol** en hisop geneem en **die boek self** en die **hele volk** <u>besprinkel</u>
> Heb 9:20  en gesê: Dit is die **bloed van die testament** wat Elohiem met die oog op julle verorden het.
> Heb 9:21  En hy het **ook die tabernakel en al die gereedskap van die diens** net so **met die bloed** besprinkel.
> Heb 9:22  En byna alles **word met bloed gereinig** volgens die wet, <u>en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.</u>

Die spoor van Versoening deur bloed begin in Genesis en gaan regdeur die Skrif tot in die Boek van Openbaring.

Daar is ‘n paar uitstaande “bergpieke” wanneer ons hier die Verlossingsplan van JaHUaH as die Skarlakendraad volg:

### 1. JAHUAH HET ADAM EN EVA “BEDEK” NADAT HULLE GESONDIG HET

Nadat Adam en Eva gerebelleer het teen hulle Skepper, het hulle bewus geword van hulle naaktheid terwyl hulle ook ‘n oorweldigende skuldgevoel gevoel gekoester het teenoor JaHUaH.  Hulle het self hulle naaktheid probeer bedek met ‘n bedekking wat hulleself probeer maak het uit Vyeblare.  Tog was hulle nog vol skuldgevoelens teenoor JaHUaH en het vir Hom weggekruip.  Hulle het nie geweet hoe om van hulle sonde en skuldgevoelens ontslae te raak nie.

Maar JaHUaH het geweet hoe.  Hoewel Hy net vir hulle dalk ‘n kledingstuk van wol kon gemaak het in die plek van ‘n paar tydelike vyeblare, **merk** Hy hierdie gebeure deur die **eerste vergieting van bloed** om hulle sodoende behoorlik te bedek, beide vir hulle naaktheid en vir die sonde wat hulle gepleeg het, want die een is ‘n simbool van die ander.

Gen 3:21  En JaHUaH Elohiem het vir die mens en sy vrou **rokke van vel** gemaak en hulle dit aangetrek.




'n Onskuldige dier het gesterf vir die skuld/skaamte van Adam en Eva.  Die Woord sê nie vir ons watter tipe dier se vel dit was nie, maar dit sal nie verbasend wees as ons eendag uitvind dat dit dalk 'n lam kon gewees het.  Hoekom moes daar juis 'n lewe geneem word vir hulle sonde wat hulle in skaamte en skuldgevoelens vir JaHUaH laat wegkruip het?  Omdat "byna alles **met bloed gereinig** word volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie".

**2. ABEL SE OFFER WORD AANVAAR DEUR ELOHIEM**

Soos ons nou hier die Skarlakendraad volg, lei dit tot die volgende generasie nà Adam en Eva.  Hulle het vir Kain en Abel voortgebring as seuns en hulle sou hulle waarskynlik geleer het om bloedoffers te offer. Kain as 'n Landbouer offer egter van die opbrengs van die grond, maar Abel wat 'n Herder was, het van die eersgeborenes van sy kudde geoffer.  JaHUaH het Abel se offer in guns aangeneem.

Gen 4:2  Daarna het sy ook sy broer Abel gebaar. En Abel het 'n skaapherder geword, en Kain 'n landbouer.
Gen 4:3  En ná verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan JaHUaH 'n offer gebring.
Gen 4:4  En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet. En **JaHUaH het Abel en sy offer genadig aangesien**,
Gen 4:5  maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang.



Hoekom sou JaHUaH Abel se offer aanneem en nie Kain s'n nie?  Hy het geoffer van die opbrengs van die aarde wat alreeds vervloek was weens die sondeval (Gen. 3:17 – 18), maar dis ook omdat die sonde van Adam en Eva na hulle ook deurgedring  het soos na alle mense (Rom. 5:12 – 21) en baie belangrik  ..... "alles **word met bloed gereinig** volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.


**3. JAHUAH BESKIK ‘N SUBSTITUUT VIR ISAK**


AbraHam het net een seun by SaraH gehad. Omdat hulle kinderloos was en hulle hom gekry het in hulle ouderdom was hy baie kosbaar vir hulle. Dit is moontlik dat mens se kinders of kind so kosbaar vir ‘n mens kan wees dat hulle die plek van JaHUaH inneem. Ons weet nie of AbraHam en SaraH dit gedoen het nie, maar JaHUaH het aan AbraHam opdrag gegee om Isak te offer. Soos hulle die berg Moria geklim het na die plek van offerande, het Isak gewonder waar die lam dan is wat hulle moes offer. AbraHam het gesê: “Seun, Elohiem self sal die Lam voorsien”.

> Gen 22:7 Toe spreek Isak met sy vader Abraham en sê: My vader! En hy antwoord: Hier is ek, my seun! En hy sê: Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir ‘n brandoffer?
> Gen 22:8 En Abraham antwoord: Elohiem sal **vir Homself die lam vir ‘n brandoffer voorsien**, my seun. So het hulle twee dan saam geloop.

Maar voordat AbraHam vir Isak kon doodmaak, het die Engel van JaHUaH hom gekeer en dis toe wat AbraHam die ram sien wat in die bosse met sy horings vasgevang was.

> Gen 22:11 Maar die Engel van JaHUaH het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham, Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!
> Gen 22:12 En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy Elohiem vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie.
> Gen 22:13 En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens ‘n **ram** wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en **die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer.**
> Gen 22:14 En Abraham het dié plek genoem: JaHUaH sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: **Op die berg van JaHUaH sal dit voorsien word**.





Berg Moria en Golgota waar JaHUsha gesterf het is in dieselfde area in Jerusalem. AbraHam het basies JaHUsha se Dag gesien, hy het gesien dat JaHUaH JaHUsha as Lam sou voorsien (vergelyk Joh. 8:56 met Gen. 22:8, 14).


Eeue en eeue nadat AbraHam die berg Moria opgeklim het, het JaHUaH ‘n ander Lam voorsien, Een wat vasgevang was in ‘n doringkroon wat die Romeinse soldate op Sy kop gesit het. As ‘n substituut vir òns

het JaHUsha dieselfde heuwel geklim en op die folterpaal gesterwe, want ... "**sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaasvind nie**. "

### 4. PERES EN SERAG, DIE DEURBRAAK EN DIE SKARLAKENDRAAD

Peres en Serag was die tweeling van Tamar wat sy gebaar het nadat sy vir Juda uitoorlê het (Gen. 38). Met die geboorte het die vroedvrou aan die eerste handjie wat sy gesien het, 'n rooi draad gebind. Dit was Serag se handjie, maar toe druk sy broertjie Peres hom terug en **Peres** word toe eerste gebore, instede van Serag. Die rooi draad verteenwoordig die Bloedverbond.

> Genesis 38:27 – 30: "En toe sy baar, het een die hand uitgesteek; en die vroedvrou het dit gegryp en **'n rooi draad om sy hand gebind** en gesê: Hierdie een is eerste gebore.
> Maar toe hy sy hand teruggetrek het, word sy broer gebore! En sy sê: **Hoe kragtig het jy deurgebreek**! En hulle het hom Peres genoem.
> En daarna is sy broer gebore aan **wie se hand die rooi draad was**. En hulle het hom **Serag** genoem."



Die Skrif is baie veelsydig, dis soos 'n geslypte juweel met baie kante. Hierdie gedeelte het ook vir ons hier 'n betekenis bykomend van dit wat al voorheen uitgelig is, naamlik dat die tweedegeborene in hierdie wêreld van omgekeerdheid aan JaHUaH behoort, omdat die geestelike nà die fisiese kom sedert die sondeval (1 Kor. 15:46). Vir daardie lering sien die volgende skakel: http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/04/BeginselEersteTweedeHersien20151.pdf .

Ons gaan egter hierdie keer kyk hoedat elkeen van die tweeling **tesame** na die Versoeningswerk van JaHUsha as die Gesalfde verwys. In die geslagsregister wat Mattheus aangee in hoofstuk 1 word albei genoem, nie net Peres as eersgeborene nie. Dit is die enigste plek in daardie register waar twee kinders van 'n vader genoem word.

> Mat 1:3 en Juda was die vader van **Peres en Serag** by Tamar, en Peres was die vader van Hesron, en Hesron die vader van Ram

Dit noop ons om 'n bietjie dieper te delf en wat ons sien is dat die tweeling saam iets uitbeeld wat ooreenkom met die **Venster** waardeur Ragab die **Rooi Tou** moes hang.

Peres wat "deurgebreek" het, het sy naam gekry volgens daardie **deurbraak**. Dis Strong's H6557 wat in die Ancient Hebrew Lexicon nommer 2642 is wat beteken "**om iets deur te breek**" soos wat mens 'n rivierwal sou deurbreek of 'n gat in 'n muur sou deurbreek soos wat 'n venster is, sodat daar 'n **opening** is waardeur daar iets kan "**vloei en versprei**".

AHL 2642 = ac: Spread
co: Breach
The <u>breaching of a river band</u> causing **the water to flow** and **spread out**.

Hier is die water wat uitvloei en versprei **die lewende water,** naamlik die **Bloed van JaHUsha** wat tot vergifnis van sonde is, want ons sien die **Skarlakendraad** aan **Serag se hand**. JaHUsha is Benjamin, "Seun van **My Regterhand**". Hy as "**Hand**" van JaHUaH het die Versoeningswerk kom **doen**. Deur die verbryseling van Sy Liggaam op die Folterpaal kon **Sy Bloed** soos 'n **Reddingstou** (die Skarlakendraad van vergifnis deur bloed) na ons vloei deurdat dit die Muur van Sonde afgebreek het en so 'n **Opening deurgebreek** het na die Allerheiligste toe wat die Koninkryk van die Hemel verteenwoordig het.

Jes 59:2 maar <u>julle ongeregtighede</u> het '**n skeidsmuur** geword tussen julle en julle Elohiem, en **julle sondes het sy aangesig vir julle verberg**, sodat Hy nie hoor nie.

Ef 2:14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die **middelmuur van skeiding afgebreek het**

Mat 27:51 En kyk, die **voorhangsel van die tempel het in twee geskeur**, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur;

Heb 10:19 Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om <u>in die heiligdom in te gaan</u> **deur die bloed van JaHUsha**
Heb 10:20 op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het **<u>deur</u> die voorhangsel heen**, <u>dit is sy vlees</u>,

**Sera,** H2226 vanaf H2225, se naam beteken "**The rising of the sun in the eastern horizon**" volgens AHL 2135. Dit is vanweë die twee kernletters, die Resh en die Chet.

= The prescribed path of the sun.

Om hierdie beter te kan verstaan moet die leser dalk teruggaan na "Die Roete van die Gees" se lering. Die Skarlakendraad het net soos die Gees 'n bepaalde Roete waarvolgens dit beweeg. JaHUsha is die "**Son van geregtigheid**" en die "**Opgaande lig uit die Ooste**", soos wat dit aangedui word deur Serag se naam.

Mal 4:2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal **die son van geregtigheid opgaan**, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

Luk 1:78 deur die innige barmhartigheid van onse Elohiem waarmee **die opgaande Lig uit die hoogte** ons besoek het,
Luk 1:79 **om te skyn** oor die wat in duisternis en doodskaduwee sit, om **ons voete na die pad van vrede te rig.**

Open 1:16 En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en **Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag**.

2 Pet 1:19 En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, **totdat die dag aanbreek** en die môrester opgaan in julle harte;


Die tweeling, Peres en Serag, illustreer dus gesamentlik vir ons die **Venster van die hemel** (Peres) waaruit die **Skarlakendraad** (Serag) van die Bloed van die Lam na ons uitgegooi word  Die Skarlakendraad het 'n vasgestelde roete deur die Woord gevolg **soos wat die son doen** as ons dit elke oggend telkens waarneem en **dìt** spreek eintlik daarvan dat daar .... "**Sonder bloedvergieting geen vergifnis is nie**".

Hy moes eers deurboor word voordat daar vergifnis deur Sy bloed kon wees.  Peres is eerste gebore, daarna Serag.

### 5. JAHUAH BESKERM SY VOLK DEUR DIE PASGA

Nou volg ons die Skarlakendraad tot by Egipte waarheen Josef ontvoer was en hy sy familie later agterna laat kom het, waar hulle uiteindelik as slawe vir die Egiptenare opgeëindig het.  JaHUaH stuur Moses om aan Farao te sê om Sy volk te laat gaan.  Farao weier, selfs nà verskeie verskriklike plae en uiteindelik het JaHUaH een finale plan van **Oordeel** gehad.  Hy het elke familie opdrag gegee om 'n lam te neem en dit te offer, waarnà hulle die bloed van die lam aan hulle deurposte moes smeer.

> Ex 12:12  Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland **tref**, van mense sowel as van diere. En Ek sal **strafgerigte** oefen aan al die gode van Egipte, Ek, JaHUaH.
> Ex 12:13  Maar **die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is**: as Ek **die bloed sien**, <u>sal Ek by julle verbygaan</u>. En daar sal **geen verderflike plaag onder julle wees** wanneer Ek Egipteland **tref** nie.




Toe die res van Egipteland die dood van eersgeborenes in hulle huise ervaar het, was dit nie die geval in die huise van die families wat JaHUaH vertrou en gehoorsaam het nie, deurdat hulle die offerlammers se bloed aan die deurposte gesmeer het.

Die Nuwe Testament sê dat die Gesalfde, ons Paaslam, geoffer is vir ons.  Wanneer JaHUaH dan die bloed van JaHUsha ons Paaslam aan ons harte sien, beskerm dit ons van die **ewige oordeel**.

Dit is so omdat daar "**sonder bloedvergieting geen vergifnis is nie**".

### 6. JAHUAH HET DIE VOLK SE SONDES OP DIE GROOT VERSOENDAG BEDEK

Nou volg ons die Skarlakendraad verder deur die geskiedenis.  Nadat die Volk uiteindelik Egipte wel verlaat het en terwyl hulle deur die Woestyn gereis het op hulle pad na die Beloofde Land, het JaHUaH Moses opdrag gegee om 'n tabernakel te bou.  Daar was baie offerandes vir sondes, maar een keer per jaar was daar 'n spesiale dag, naamlik Yom Kippur.  Dit is die Groot Versoendag.  Die Hebreeuse woord "kaphar"


beteken “om te bedek”.  Hierdie seremonie het dus nie sondes geheel en al weggeneem nie, maar het die sondes wel tydelik bedek.

Yom Kippur se instruksies het twee bokke behels.  Een is geslag en die ander een was losgelaat.

> Lev 16:8  En Aäron moet oor die twee bokke die lot werp, een lot **vir JaHUaH** en een lot vir Asásel.
> Lev 16:9  Dan moet Aäron die bok aanbring waar die lot vir JaHUaH op gekom het en hom as **sondoffer** berei;
> Lev 16:10  maar die bok waar die lot vir Asásel op gekom het, moet lewendig voor die aangesig van JaHUaH gestel word, om oor hom **versoening te bewerk** deur hom vir Asásel **in die woestyn** te stuur.

JaHUaH se bok was geoffer, maar die ander een is losgelaat in die woestyn as simbool van hoedat die volk se sondes weggedra word.  Die een bok moes eers gedood word want weereens kom die refrein ... “sonder bloedvergieting is daar geen vergifnis nie”.




### 7. DEUR DIE “OPVOERINGS” VAN HIERDIE FISIESE TONELE HET JAHUAH DIE VOLK GEKONDISIONEER OM JAHUSHA TE KON HERKEN

Die Nuwe Testament maak dit duidelik hoekom JaHUaH vir hulle al die verskillende instruksies gegee het. Dit was om hulle **te lei** na **JaHUsha** (Gal. 3:24) en nadat Hy gekom het, is dit alles basies “aan die folterpaal vasgenael” (Kol 2:14, Ef. 2:15 - 16) omdat die eindpunt **bereik is** waarna dit gelei het.   Al die fisiese Levitiese wette van Moses was veronderstel om die Jode **voor te berei** vir die tyd wanneer Johannes die Doper op die toneel sou verskyn.

Johannes het ‘n revolusionêre stelling oor die Gesalfde gemaak wat hulle so lank verwag het.  Johannes was die laaste Ou Testamentiese profeet.  Al die ander profete voor hom het uitgeroep “**Hy kom**!  **Hy kom**!”.

Maar JaHUaH het Johannes uitgekies as diè een om te verklaar:  “**Hy is hier**!”  JaHUsha was die finale vervulling van die Skarlakendraad;  die Een na wie Johannes gewys het as die Lam van Elohiem, wat nie net sondes sou bedek nie, maar wat dit wegneem.

> Joh 1:29 Die volgende dag sien Johannes JaHUsha na hom toe kom, en hy sê: **Dáár is die Lam van Elohiem** wat die **sonde van die wêreld** wegneem!

Met al daardie voorafgaande offers van diere se bloed, was JaHUaH dus ook besig om die mense **se denke** voor te berei om die werk van die Gesalfde **te herken**. Dit kom al die pad van Genesis tot by die Nuwe Testament en hardloop dan deur tot by die Laaste Pasga waar JaHUsha gesê het dat die beker met die rooi wyn die **Nuwe Verbond** in **Sy bloed** verteenwoordig.

Die Romeinse soldate het 'n **skarlakenkleed** oor Sy skouers gegooi. Die Skarlakerdraad eindig dan by die bloed wat JaHUsha gestort het op die folterpaal. Dààr is uiteindelik die **Lam van Elohiem** wat geslag is. Met sy dood het Satan gedink dat hy die Skarlakendraad afgesny het, maar dit het inteendeel steeds deur die donker, koue graf geloop totdat dit deurgebars het na die ander kant waar Hy weer lewendig te voorskyn gekom het, om vir ewig te lewe!

Toe Johannes hierdie volgende aankondiging gemaak het: "**Kyk, dààr is die Lam van Elohiem**!", moes die volk van Israel eintlik gesê het:

> "Aha, **nou verstaan ons**! Dit is wat JaHUaH ons deur AbraHam en Isak kom leer het en ook dat JaHUsha die rede is vir die Pasgalam èn dat JaHUsha ook die rede is vir Yom Kippur se twee bokke. JaHUsha is die **finale offer** aan JaHUaH!"

Maar tog het hulle die hele punt waarom JaHUsha moes sterf op die folterpaal gemis en hulle het voortgegaan om diere te offer totdat Titus uiteindelik die Tempel kom verwoes het in 70 na Messias, wat ±40 jaar later was.

## 8. DIE VERLOSSING VAN DIE MENSDOM DEUR DIE BLOED VAN JAHUSHA

Met die Skarlakendraad vervul in JaHUsha, loop dit nog tot by die laaste boek van die Woord, die Openbaring van JaHUsha. Eers lees ons in Open. 19 hoedat JaHUsha as die toekomstige terugkerende Koning op 'n wit perd, 'n kleed aan het wat in bloed gedoop is.

Die Skarlakendraad het in Genesis begin met 'n dier wat se bloed verspil is sodat JaHUaH **klere** daarvan vir Adam en Eva kon maak en dit eindig hier weer met die Koning van die konings wat **self 'n kleed dra wat in bloed gedoop is**!



Hoekom is dit belangrik om die Skarlakendraad tot in Openbaring te volg?

In Open. 5 beskryf Johannes ‘n toekomstige gesig van ‘n groot menigte wat rondom die troon van Elohiem staan in die hemel. ‘n Boekrol wat o.a. ook die **titelakte van die aarde** is, word aangebied en ‘n engel vra: “Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?” (Open. 5:2). Volgens Jer. 32:14 is ‘n titelakte of koopbrief van grond verseël en in ‘n kruik in die grond gebêre. Hier in Open. 5 is daar sewe seëls wat net oopgemaak kan word deur die **regmatige eienaar** van die aarde. Wie kon so ‘n belangrike boekrol oopmaak?

Johannes was benoud en het gehuil omdat daar niemand was wat waardig was om dit oop te maak nie. Vir ‘n oomblik het dit gelyk asof die mensdom en die aarde vir ewig in hierdie verlore toestand sal moet bly. Is daar dan niemand wat eienaarskap het om die sewe seëls te kan breek nie, sodat die Aarde en die Mensdom onder die vloek van die Sondeval kan uitkom nie?



Toe hoor Johannes iemand praat ...

> Open 5:5 Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het **oorwin** om die **boek oop te maak** en **sy sewe seëls te breek**.
> Open 5:6 En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar **‘n Lam asof Hy geslag is**, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van Elohiem is wat uitgestuur is oor die hele aarde.

JaHUsha se bloed was die **koopprys** (1 Pet. 1:18 – 19) en die **kwitansie**, daarom kon net Hy die Boekrol oopmaak en met elke seël wat oopgemaak word, sal Hy stap vir stap beheer van die aarde terugneem.

> Open 5:8 en toe Hy die boek neem, **val** die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge **voor die Lam neer**, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die afgesonderdes is.
> Open 5:9 Toe **sing** hulle ‘n nuwe lied en sê: **U is waardig om die boek te neem** en **sy seëls oop te maak**, want <u>U is geslag</u> en het ons vir Elohiem <u>met u bloed gekoop</u> uit elke stam en taal en volk en nasie,
> Open 5:10 en het ons konings en priesters vir onse Elohiem gemaak, en ons sal as konings **op die aarde heers**.

JaHUsha as die Geslagte Lam is uniek. Vir AbraHam was daar een lam **vir een seun**. Met die Pasga was daar **een lam vir ‘n gesin** en met Yom Kippur was daar **een lam vir ‘n hele volk**, maar met JaHUsha neem **een <u>Lam</u>** die sonde van die **hele wêreld** weg, Joh. 3:16. JaHUsha, die Lam van Elohiem het ons verlossing gekoop met Sy kosbare bloed. Ons wonder weer hoekom en kry maar weer dieselfde antwoord ...

“Sonder bloedvergieting is daar geen vergifnis nie.”

JasHUsha het gesterf omdat daar andersins geen vergifnis vir sonde sou wees nie. Ons word gered deur die geloof in die volbragte werk van die Gesalfde. Dit is waaroor die hele Woord gaan. Maar wat van die mense in die Ou Testament?

Hulle is op dieselfde manier gered as ons ... uit genade, deur geloof. **Geloof** is **vertroue**. AbraHam het Elohiem geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken (Gal. 3:6). Moses het JaHUaH se plan vertrou en daarmee saamgewerk en hy is gered (Ex. 32:10). Ragab het JaHUaH se plan vertrou en sy is gered (Heb. 11:21).

Wanneer ons van hierdie kant af terug kyk na die hele verloop van die Skarlakendraad sien ons hoedat JaHUaH se plan die hele tyd JaHUsha in gedagte gehad het. Daardie Ou Testamentiese afgesonderdes het vooruit na die folterpaal gekyk en op JaHUaH se verlossingsplan vertrou en so is hulle gered.

Vir ons is daar vandag ook net een manier om gered te kan word ... uit genade, deur geloof (Ef. 2:8). Terwyl geloof vertroue is, is **Genade** die vrye gawe (**geskenk**) van vergifnis wat JaHUaH aanbied. Om in geloof daarop te reageer is om **met vertroue** die **geskenk te vat**.

Daar is ‘n bekende lied wat geskryf is deur Elisha Hoffman in 1878 ...

> Have you been to Jesus for the cleansing power?
> Are you washed in the blood of the Lamb?
> Are you fully **trusting** <u>in His grace</u> this hour?
> Are you washed in the blood of the Lamb?

Ragab het die **Teken van haar Geloof** vertoon. Die Rooi Tou vanuit die Venster aan die **buitekant** was ‘n teken vir Josua/JaHUsha en die wat geveg het, maar aan die **binnekant** was dit ‘n waarborg van redding vir hulle wat in gevaar verkeer het.

Dit is vir ons vandag ‘n Monument sodat ons kan onthou dat daar “**sonder** Bloedvergieting **geen** vergifnis is nie”.

Maar wat beteken Ragab se naam?

**<u>Ragab se naam</u>**

Ragab is H7343 en dit kom vanaf H7342 wat beteken:

> “*roomy*, in any (or every) direction, literally or figuratively: - broad, large, at liberty, proud, wide”.

Dit kom weer vanaf H7337 wat beteken:

> “to *broaden*, make room, make (open) wide”.

AHL 2759 verduidelik H7343/H7342 so:

Ac:  widen
Co:  street
Ab:  width
"To make wide, large or roomy".

Dit bevestig dit wat die Venster met die Rooi Tou geïlustreer het. Dit het vir ons 'n Spasie, 'n Deur of 'n Roete oopgemaak na die Hemelse Koninkryk.  Die Gesalfde, JaHUsha, het vanuit haar en haar nasate voortgekom, uit die stam van Juda.

> Open 3:7  En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Afgesonderde, die Waaragtige, wat die **sleutel van Dawid** het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:
> Open 3:8  Ek ken jou werke. Kyk, **Ek het voor jou 'n geopende deur gegee**, en **niemand kan dit sluit nie**, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

As 'n prostituut het Ragab haar beskikbaar gemaak (wyd oopgestel) vir diegene wat van haar gebruik wou maak.  Die wêreld bied homself ook so aan en die Woord waarsku ons om nie die wêreld lief te hê nie (1 Joh. 2:14 – 17).

**Egipte** word ook **Ragab** genoem in die Woord.  Egipte is 'n **tipe van die wêreld** wat **weg hoereer** (Open. 17) van JaHUaH af en daarom moes Israel uit Egipte verlos geword het.  **Egipte en Babilon** is **sinonieme** en soos Egipte die oordele ondervind het met die **tien plae**, so sal dit wees met die wêreld as die **Hoer van Babilon**.  Jerigo se **verbranding** is simbolies van daardie oordele.

> Open 17:1  En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon **die oordeel** van die **groot hoer** wat op die baie waters sit,
> Open 17:2  met wie die **konings van die aarde gehoereer het,** en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van **haar hoerery**.
> Open 17:3  En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol **godslasterlike name**, met sewe koppe en tien horings.
> Open 17:4  En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol **gruwels** en die **onreinheid van haar hoerery**;
> Open 17:5  en op haar voorhoof was 'n **naam** geskrywe: **Verborgenheid**, die groot Babilon, die moeder van die **hoere** en van die **gruwels van die aarde**.
>
> Open 19:2  Want **sy oordele** is waaragtig en regverdig; want Hy het die **groot hoer** geoordeel wat **die aarde** met haar **hoerery** verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar **gewreek**.
>
> Open 18:18  en het uitgeroep toe hulle die rook van haar **verbranding** sien, en gesê: Watter stad is soos die groot stad?

**Slot**

Deur die bloed van JaHUsha is daar lewe vir ons en daarom **moet ons fokus** op die Skarlakendraad wat al kom voordat daar tyd was, van vòòr die grondlegging van die wêreld af.   Om daarop te fokus, beteken dat dit wat bestudeer word, altyd sal teruglei na die Skarlakendraad van die Evangelie ... waak teen

"nuwe" godsdienstige strome. Hoewel ons voortdurend leuens wat ons kon geglo het moet vervang met waarheid, beteken dit nie dat daar 'n nuwe godsdiens van een of ander aard gevorm moet word nie.

Die belofte dat die vrou se Saad die dood sal oorwin en die Paradys weer so vir die mens sal oopmaak, moes vervul word deur JaHUsha se offer en deur Sy opstanding uit die dood.

JaHUsha het aanspraak gemaak dat hy Gen. 3:15 vervul het toe hy vir Sy dissipels van Sy dood vertel het. Hy het verduidelik dat 'n saadkorrel in die grond moes val en sterf, anders kan dit nie lewe gee nie.

> Gen 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en **haar Saad**. Hy sal **jou die kop vermorsel**, en jy sal hom in die hakskeen byt.
>
> Joh 12:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; **maar as dit sterf**, dra dit veel vrug.

Dit is die diep en aangrypende pad van die Skarlakendraad wat ons by die Rivier van die Water van die Lewe uitbring, terug in die Paradys in die teenwoordigheid van JaHUaH, Open. 21 – 22.






> Open 22:1 En hy het my getoon 'n **suiwer rivier** van die **water van die lewe**, helder soos kristal, wat **uitstroom uit die troon van Elohiem en van die Lam**.
> Open 22:2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die **boom van die lewe** wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.
> Open 22:3 En daar sal **geen enkele vervloeking meer wees nie**, en die troon van Elohiem en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.
> Open 22:4 En hulle sal **Sy aangesig sien**, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees.
> Open 22:5 En nag sal daar nie wees nie; en hulle het **geen lamp of sonlig nodig nie**, omdat **JaHUaH Elohiem hulle verlig**; en hulle sal **as konings regeer** tot in alle ewigheid.

0-0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Augustus 2018